

5 Maart

Skrifgedeelte: Filippense 2:19-24

God se vreemde keuse

Timoteus het op die oog af 'n paar probleme gehad: te jonk; te siek en te skaam. Dan kom die verrassing! Die Here bou sy kerk ook met brose, sieklike en skaam menses. Hy is natuurlik nie afhanklik van die beskikbaarheid van mense nie. Hy is ook nie afhanklik van mense se bekwaamhede nie. Hy het ook nie menigtes en menigtes mense nodig nie. Een is genoeg. Die wonder van die kerk is dat die Here die mense wat daar is, gebruik om sy kerk te bou.

Timoteus was uniek en baie kosbaar vir Paulus, omdat sy gesindheid reg was. Net soos Timoteus kan elke gelowige, hoe gering ook al, met die regte gesindheid kosbaar in die diens van God wees. God roep ons na Hom toe vir gedurige gesindheidsvorming. Wat wil Hy hê moet in ons gebeur?

1. *Ons moet groei in opregtheid.* Dit beteken dat jy al hoe minder jou binnekant wil wegsteek, omdat dit net soos die buitekant van jou lewe lyk. Omdat Timoteus opreg was, was dit vir hom nie nodig om 'n masker te dra nie.
2. *Ons moet meer en meer onderdanig aan Hom word.* 'n Onderdaan dink nie aan homself nie, maar aan die koninkryk waaraan hy behoort. Timoteus het die belange van Jesus Christus voorop in sy lewe gestel. Dit gebeur net as Hy meer word en jy minder.
3. *Raak besig.* Soos 'n kind saam met sy pa, so het Timoteus saam met Paulus gewerk. Terwyl hy so besig was met die dinge van die evangelie, het hy gegroei en steeds 'n sterker Timoteus geword.

Sing Skrifberyming 16:1,4,6,7 Ds D van't Zand (Pietermaritzburg)